// WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 2 September 1995 Vol. 8

# DIE CHRISTUSLOSE CHRISTENDOM

## Kenmerk van die toekoms

Dit klink na 'n teenstrydigheid om van 'n Christuslose christendom te praat. Tog is dit nie alleen 'n moontlikheid nie, maar inderdaad ook 'n gevaarlike werklikheid. 'n Christuslose christelike leefwyse sou as 'n vreemdheid gesien kon word, maar die teendeel is waar: dit gaan die kenmerk van die toekomstige landsituasie word.

So 'n gemeenskap ontstaan wanneer die boodskap van Christus aanvaar wil word sonder dat daar noodwendig 'n persoonlike verhouding met Christus bestaan. Die verkondigers hiervan wil die effek van die evangelie daadwerklik in die samelewing sien, soos geregtigheid, billikheid, verdraagsaamheid, liefde en gelykheid. Hulle poog om die weldade van Christus los te maak van Christus self. Ook koester die aanhangers van die belydenis 'n bykans onuitblusbare hoop op 'n ander toekoms, 'n toekoms wat nou gerealiseer moet word. 'n Verlange na iets anders wat radikaal verskil van wat vandag beleef word.

## Transformasie

Kenmerkend van dié mense is dat hulle opregte pleidooie vir die transformasie van die samelewing lewer. Een van die hoekstene waarmee die huidige samelewing getransformeer word, is die begrip geregtigheid. Die inhoud wat daaraan verleen word is hoofsaaklik gelykheid voor die geregshowe, die weerhouding van enige vorm van diskriminasie en algemene medemenslikheid. Die Christuslose christendom maak baie erns met een van Christus se uitsprake naamlik: doen aan 'n ander soos wat jy aan jouself gedoen wil hê.

## Ontnugtering

Die huidige samelewing is besig met 'n algehele omwenteling. Dit sluit die staat, kerke, skole en huisgesinne in. Diegene wat gehoop het dat "ek en my huis" onaangeroerd sal bly, wat wens dat hulle hulle kan terugtrek agter die mure van hul erf, gaan wreed ontnugter word. Die spoed waarmee die huidige transformasie ontplooi, vang selfs die propageerders daarvan onverhoeds. Die regverdigheidsbeginsel van gelykheid-ongeag is besig om deur alle samelewingsverbande te suurdeeg.

## Kerke

Die kerke sal ook nie ongeskonde deur hierdie transformasie gaan nie. Die kerk word al hoe meer gesien as 'n instrument om die samelewing te transformeer. Want, so word aangevoer, is die kerk dan nie juis die draers van die regverdigheidsboodskap nie? Hierdie uitgangspunt, dat die kerk die samelewing moet transformeer, word dan gesien as die presiese uitlewing van Christus se boodskap.

## Koninkryk van God

Baie gelowiges trap onbewus in 'n slaggat wat groot invloed op die kerke en die land se ontwikkeling kan hê. Die grootste hiervan is dat die kerk dieselfde doelstellings nastreef as wat die ongelowiges nastreef. As verskoning word aangevoer dat dit mos nie saak maak dat iemand noodwendig 'n christen hoef te wees nie, solank net toegesien word dat geregtigheid geskied. Te gemaklik word vergeet dat God sê 'n gelowige mag nie met die ongelowige in dieselfde juk trek nie. Nog 'n gevaar is dat in die gereformeerde teologie die koninkryk van God verkeerd gesien word, sodat naderhand meer oor die "ryk" as die "Koning" gepraat word. Die gevaar dat sekere eksponente

### *In hierdie uitgawe:*


- ★ Christuslose christendom .......... 1
- ★ Skrifoordenking: Die Owerheid as diaken van God .......... 3
- ★ Die taak van die staat .......... 4
- ★ Land en Volk in die Bybel .......... 7
- ★ Kan ons dit bekostig? .......... 9
- ★ Noodsaak vir Gereformeerde skole .......... 10
- ★ Gereformeerde Persvereniging Veritas .......... 1

van die gereformeerde teologie te kritiekloos teenoor die ideologie van die neo-marxisme (die christuslose christendom) staan, is nie denkbeeldig nie.

## Persoonlik

Twee sake moet egter uitgelig word in verband met die Christuslose christendom. Ten eerste dat geregtigheid alleen deur 'n persoonlike verbintenis met God bewerkstellig word. Geregtigheid voor God is iets wat 'n gelowige deur die werking van

**Om sosiale geregtigheid te verkondig, los van Christus, is anti-christelik.**

die Heilige Gees deelagtig word op grond van Christus se dood aan die kruis. Sonder 'n persoonlike band met Christus is geregtigheid onmoontlik - en dit geld ook vir die samelewing. Die kerke, en veral die predikers, moet goed hierop ag slaan. Om sosiale geregtigheid te verkondig, los van Christus, is anti-christelik.

## Valse geregtigheid

Christuslose geregtigheid bestaan nie, nie vir die individu nie en nog minder vir die breër gemeenskap, omdat God die sondaar alleen in Christus met Homself versoen. En God verwag van hierdie versoendes om sy geregtigheid, sy wet en wil, sy vryspraak, uit te leef in hulle omgewing. Om 'n valse geregtigheid na te jaag, en in die proses by Christus verby te gaan, bring vervloekte afgodery mee.

'n Samelewing wat regverdigheid soek maar nie noodwendig by Christus nie, is nie 'n regverdige samelewing nie. Dit is waarom daar deesdae byvoorbeeld meer kommer is oor die regte van misdadigers (soos moordenaars en verkragters) as oor die welsyn van die slagoffers. Om Christus se geregtigheid (sy wette, ensovoorts) in te ruil vir die geregtigheid van die menseregte-ideologie is onaanvaarbaar.

## Transfomasie of reformasie?

Ten tweede, en dit word tot beskaming van baie gelowiges gesê, moet opgemerk word dat baie heidene 'n groter ywer het om die samelewing te transformeer, as wat gelowiges het om die samelewing te reformeer. Waar is die vuur, waar is die ywer, waar is die meedoënlose uitwys van alles wat in die samelewing nie met God se wet instem nie? Die skokkende is dat, terwyl baie christene gekant is teen die geregtigheidsbegrip van die Christuslose christendom, hulle in dieselfde strik getrap het, omdat hulle nie Christus se geregtigheid vir die samelewing verkondig nie.

## Redding

Die ernstige vraag ontstaan: wil die christene nie maar ook 'n Christuslose redding hê nie? Alles wat die evangelie beloof, wil hulle deelagtig wees: die vergifnis van sonde, die ewige rustige lewe, maar daar moet net nie te veel klem op Christus se eer gelê word nie. Hoe is dit moontlik dat christene eers in beweging kom oor 'n saak as iets hulle eie persoonlike wêreldjie bedreig? Eers dan word die ywer wakker gemaak, maar daarvóór maak dit nie saak as Christus in die samelewing beledig word nie, solank "ek en my huis" nog veilig en warm is. Skreiende onreg word mos eers aktueel as ek direk geraak word, maar solank dit nog net my naaste raak, is die regverdigheidsgevoel bra dof.

## Word wakker

Dis tyd dat die gereformeerde christen wakker word. Ons moet seker maak dat ons nie onbewustelik 'n Christuslose evangelie nastreef nie. Christus is die Hoof van die heelal. Alles is syne, nie net my klein wêreldjie nie. Die geregtigheid wat aan ons by die nagmaalstafel sigbaar verkondig word, moet ook aan die samelewing vertoon word. Dit is skynheilig en Godonterend om te dink dat Christus my aan die nagmaal sy regverdigheid verkondig, maar dat daardie geregtigheid niks met die omgewing te doen het nie.

## Christus alleen

Christus is God se geregtigheid. Christus is die gelowige se geregtigheid voor God. Alleen Christus is die samelewing se geregtigheid. Dit is ons taak en boodskap die volgende dekades. Daarom moet ons die neo-marxisme wat ons kerke binnesluip met hulle valse evangelie van "doen aan ander soos jy aan jouself gedaan wil hê", vreesloos afwys. Dit is 'n valse evangelie omdat dit Christus nie erken nie. Ons moet bly leef en verkondig: doen aan ander

**Ons moet bly leef en verkondig: doen aan ander soos wat God aan ons as geregverdigdes in Christus gedoen het.**

soos wat God aan ons as geregverdigdes in Christus gedoen het. Dan sal die samelewing gereformeer word. Dan sal mense sien wat gereformeerd-leef is, te midde van 'n neo-marxistiese transformasie van ons leefwêreld. Ons moet Christus, die Regverdige, ook in die samelewing bely, en daarom nie 'n Christuslose christendom aanhang nie. Dit gaan om die Koning van die koninkryk — sy eer, sy onverruilbare geregtigheid, sy Geesvervulde ryk.

**A.L.A. Buys**

★★★★★

SKRIFOORDENKING

Rom 13:1,4,6; NGB 36a

# DIE OWERHEID AS DIAKEN VAN GOD (Deel 1)

*"Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want dáár is geen mag behalwe van God nie, en dié wat daar is, is deur God ingestel.... want hy is 'n dienaar van God jou ten goede...want daarom betaal julle ook belastings."*

In Romeine 13 is die Here, of, om Calvyn se woorde te gebruik, die outeur van die staatsreg, aan die woord. By monde van Paulus lê Hy die beginsels neer vir die optrede van onderdane. Daar word geen noukeurige beskrywing gegee van een of ander regeringsvorm nie. Die Skrif spreek hom nie uit oor demokrasie of outokrasie, republiek of monargie nie. Dit gaan oor die instelling van God met betrekking tot die politieke lewe. En aan daardie instelling moet ons onsself toets. Rom. 13:1-2 bevat beginsels sowel as praktiese opdragte. Daar word vier beginsels onderskei.

## Alle magte kom van God af

Daar is eerstens sprake van magte. Die Griekse woord vir mag (eksousiai) dui op twee dinge, naamlik die vermoë om te handel, en die reg om te handel. 'n Voorbeeld ter verduideliking: 'n polisieman beskik oor mag. Hy het die vermoë om op te tree as dit moet. Sy opleiding en sy wapens stel hom in staat om gesag af te dwing. Hy het egter ook die bevoegdheid om op te tree. Die feit dat hy in die polisiemag dien, gee hom die reg om orde te handhaaf. In teenstelling daarmee het 'n terroris ook die vermoë om met krag toe te slaan. Maar 'n terroris het nie die bevoegdheid daartoe nie. Hy tree onwettig op as hy sy krag gebruik.

Die Skrif leer dat alle magte, alle wettige, offisiële gesagstrukture van God afkomstig is. Hulle staan onder God se heerskappy en word aktief deur God in stand gehou. Die Here organiseer die samelewing so dat daar meerderes en minderes moet wees, leiers en volgelinge. Daardie organisasie kan en mag nie versteur word nie.

## Magte is instellings van God

Die tweede beginsel is dat magte instellings van God is. Die begrip instelling wys op 'n gevestigde toestand. Hier is sprake van 'n bestemde posisie wat volgestaan moet word. Magte wys nooit op 'n rewolusionêre worsteling en inforsering in 'n posisie nie. Daar is orde en vastigheid wat eerbiedig moet word. God duld geen indringing in die amp nie: nie in die kerk nie, en ook nie in die samelewing nie.

## Magte word oor elke mens ingestel

Derdens word magte oor elke mens gestel. Dit beteken dat dit bo die mens uitsteek: daar moet na mag opgesien word. Magte moet gerespekteer word, soos die vyfde gebod ons beveel. (eer jou vader en jou moeder). Nie net deur sommige mense nie maar deur almal; niemand word uitgesonder nie.

## Owerhede en magte is aan mekaar verbind

Die vierde stelling is dat owerhede en magte met mekaar te doen het. Met die eerste oogopslag lyk dit asof daar 'n is-gelyk-aan-teken tussen mag en owerheid gestel kan word. Die eerste verse van Rom 13 praat so persoonlik oor die magte asof Paulus dit direk oor die mense het. Tog is dit nie die geval nie.

Welbewus slaan Paulus in vers 3 vanaf die begrip "magte" oor na die woord "owerhede". Die betekenis van die oorgang is veelseggend. Magte is naamlik altyd geldend, terwyl owerhede spesifieke mense is wat kom en gaan. Owerhede moet die magte dien. Owerhede word deur God geroep om die mandaat wat aan hulle opgelê word, vol te staan.

## Magte en owerhede verwar

Die Skrif maak 'n duidelike onderskeid, selfs 'n teenstelling met die wêreldse begrip van mag en owerheid. Die Grieke en Romeine het ook owerhede geken. In Athene was die hoogste magistraat die owerheid wat die meeste seggenskap het. En die Romeinse keiser het opgetree as 'n despoot, 'n alleenheerser. Die wêreld van daardie tyd het mag en owerheid met mekaar verwar. Die persoon wat hom as die sterkste bewys, is die hoogste owerheid, en hy maak met die mag soos hy wil. Hy lê wette neer soos wat dit hom pas. Hy bestuur die volk na eie goeddunke.

## Ondergeskik

Skerp hierteenoor staan die instelling van God. Owerhede beskik nooit oor onbeperkte mag nie. Owerhede is altyd ondergeskik aan die enige, ware God van wie hulle hul die mag ontvang het. Hulle moet in alles rekening hou met hulle Opdraggewer in die hemel.

## Dienaar van God

Nog skerper word dit aan ons voorgehou in vers vier dat die owerheid 'n dienaar van God is. Dit word herhaal in dieselfde vers. Paulus hamer dit by sy lesers in: onthou, owerhede is dienaars. In die oorspronklike taal word gepraat van diakens. 'n Diaken is iemand wat 'n sekere diens verrig. Paulus noem homself 'n diaken as hy na sy apostoliese werk verwys (2 Kor.3:3). Ook die insameling van offergawes en die verspreiding daarvan is diakonale werk (2 Kor.8-9). As sodanig

is die diakens goed bekend, diakens in die gemeente is onder andere gemoeid met die stoflike behoeftes van die lidmate.

## Die groot Diaken

Jesus Christus is die groot Diaken, wat gekom het om te dien en nie om gedien te word nie. Sy middelaarswerk is uit-en-uit diakenswerk, dienswerk. Nadat Hy sy diakenswerk volkome volbring het, het die Vader aan Hom alle mag in die hemel en op aarde gegee. En wat doen Christus die Opperdiaken, die Gevolmagtigde? Hy stel op aarde oral diakens in sy diens aan om in sy Naam te regeer. So is die owerhede diakens. Hulle is geen despotiese heersers nie, maar diensknegte van God - vir die onderdaan ten goede. Owerheidswerk is dus ampswerk, net soos wat die werk van ouers tuis, en van ouderlinge en diakens by die kerk, ampswerk is.

## Struktuur in die samelewing

Algaande word die prent in Romeine 13 voller. Dit het begin met magte. God stel struktuur in die samelewing: daar is mense in hoër posisies en mense in laer posisies, leiers en volgelinge. Die ingestelde magte word volgestaan deur owerhede. Owerhede is ampsdraers van God. Deur die owerhede regeer God oor alles en almal en die samelewing. Deur die nasionale owerhede, die kabinet en die parlement, plaaslike owerheid en stadsraad, regeer God. Langs dié weg laat God sy Koningskap in ons midde geld en hou Hy dit in stand.

**Ds. G.J. Meijer**

★★★★★

# DIE TAAK VAN DIE STAAT (2)

## Prof. A.W.G. Raath

In die Augustus-uitgawe van "Waarheid en Dwaling" is die eerste deel van die artikel van prof. Raath gepubliseer ('n Beoordeling van die besware teen artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis - belydenisskrifte en kerkordes oor die plig van die staat, uit Roeping en riglyne, Maart 1994). Dit het gehandel oor sinodale besware oor die sinsnede in artikel 36 van die N.G.B. wat lui dat die afgodery uitgeroei moet word, en die ryk van die antichris ten gronde gerig moet word. Vervolgens word Calvyn se siening bespreek.

## Calvyn se standpunt

Die eerste punt deur die deputate gestel, berus op 'n verkeerde interpretasie van artikel 36 in sy historiese konteks. Die betrokke sinsnede is deur Calvyn en ander Gereformeerde vaders so vertolk dat dit slegs dui op uiterste gevalle van kettery, waar nie net die wese van die geloof aangetas word nie, maar ook die menslike verhoudinge ondermyn word. Calvyn se standpunt, soos uit sy Institusie blyk, was dat hy slegs openlike versteurders van die ware godsdiens en openbare orde in gedagte gehad het, sodat geen afgodediens, geen heiligskennis van God se naam, geen lastering teen sy waarheid en ander aantastinge van die godsdiens openlik sou opduik en dit onder die volk uitbrei nie (Institusie 4:20:3). Voorts voeg Calvyn by: "Kortom, sodat onder die Christene 'n openbare gedaante van godsdiens sou wees".

Ook die volgende aanhaling van Calvyn deur L.J. du Plessis bevestig hierdie afleiding. "Dit moet dus volgehou word dat die misdaad van goddeloosheid alleen dan strafskuldig is, wanneer die godsdiens, nie alleen volgens algemene menslike opvatting (toestemming) en keuse aanvaar sou wees, maar ook berus op gegronde en ontwyfelbare getuienis en sy waarheid bo enige twyfel bewys. Maar net so verkeerd as die wreedheid van hulle wat hulle bygelowe beskerm met die swaard, net so min kan in 'n goedgeordende staat geduld word, goddelose mense deur wie die godsdiens ondermyn word."

## Roomse vervolgings

In sy werk oor Calvyn se leer oor die kerk en staat, skryf Josef Bohatec dat Calvyn se houding jeens afgodery en valse godsdiens geensins beskou moet word as 'n voortsetting van die Roomse praktyk uit die middeleeue nie, omdat Calvyn in talle geskrifte die Roomse vervolgings veroordeel het.

Onderlinge verskille oor dogmatiese kwessies - hoe groot ookal - is dus nie deur Calvyn geklassifiseer onder afgodery en valse godsdiens nie. Omdat dit interne aangeleenthede van die kerk is, val dit buite die verpligtinge en terrein van die staat. In ooreenstemming met die grondleggers van die hervorming behoort die staat dus slegs op te tree teen die uiterste goddeloosheid, godslastering en heiligskennis.

## Wet verskil

Dit is voorts belangrik om daarop te let dat Calvyn nie bepleit het dat die doodstraf onder alle omstandighede van goddeloosheid opgelê moet word nie. By Calvyn moet onderskei word tussen die gebodsverpligting op die staatsowerheid om goddeloosheid en heiligskennis te bestry, en andersyds die positivering van die regsbeginsel in die praktyk. Met verwysing na diefstal, verduidelik Calvyn in sy Institusie soos volg: die wet van God verbied diefstal, maar die straf vir diefstal het by die Jode verskil. Sommige wette het geëis dat die dief dubbel moes vergoed, ander het diefstal met verbanning, geseling of doodstraf gestraf. In die praktyk word die straf vir diefstal op verskillende wyses nagekom.

Waar Kuyper dus volgens sy besware teen artikel 36, doodstraf vir ketters as historiese konsekwensie van die behoud van artikel 36 sien, begaan hy 'n ernstige mistasting. Vir sover sy gravamen teen artikel 36 op hierdie veronderstelling gebaseer is, word Calvyn en die ander hervormde vaders misverstaan.

## Doodstraf

Dit alles neem nie weg dat - op gereformeerde grondslag - die verskynsel van afgodery onder bepaalde omstandighede wel met die dood gestraf moet word nie. Selfs Kuyper het die onlosmaaklike verband tussen afgodery en sosiale euwels soos onsedelikheid, in lyn met Calvyn ingesien, omdat hierdie euwels ook op die terrein van die staatslewe ernstige implikasies kan hê, die regsorde kan versteur en die regte van onskuldige burgers in die gedrang kan bring.

Dit is voorts ook belangrik dat Calvyn die klem op die kettery plaas en nie op die ketters deur wie die kettery gepleeg word nie. Dit gaan in die eerste plek dus oor die uitroeiing van die sonde en nie die sondaar nie.

## Beide tafels van die wet

Die beswaar dat artikel 36 berus op 'n Ou Testamentiese teokratiese uitleg van die Skrif, moet soos volg beoordeel word: Calvyn se standpunt is dat die owerheid gebonde is aan beide tafels van die wet; dit bevat God se onveranderlike wil vir alle mense en alle persone. Al was die posisie van Israel anders as dié van volkere vandag, beskou Calvyn beginsels in die staatsinrigting van Israel as van blywende betekenis. In die Israelitiese staat en staatsinrigting sien hy die besondere sorg van God.

## Onveranderlike beginsels

Dit wil nie sê dat elke staat volgens die wette van Moses ingerig moet word nie. So 'n standpunt sien Calvyn as "oproerig" en "dwaas". Die kern is egter dat daar onveranderlike beginsels ten grondslag lê aan die sedelike en seremoniële en burgerlike wette van Israel. Die eerste tafel van die wet gebied ons om God te dien en te eer deur 'n suiwere geloof en reine godsaligheid. Die tweede eis liefde tot mekaar in alle inter-menslike verhoudinge.

## Vir alle tye

Hierdie gebooie staan as "ware en ewige reëls van geregtigheid", voorgeskryf aan alle mense en volke, van alle tye, wat hulle lewe volgens die wil van God inrig. Dit is ook van toepassing op die owerheid, wat beteken dat die "ware godsdiens wat in die wet van God vervat is, nie openlik en deur openbare heiligskennis ongestraf geskend en besoedel" mag word nie. Selfs die seremoniële wet het Calvyn gesien as 'n kinderlike onderwysing aan die Jode wat in Christus vervul is. Uit die standpunt van Calvyn is dit duidelik dat die Ou Testament vir Calvyn nie alleen 'n tydsgebonde betekenis en belang gehad hét nie.

## Kerk en staat onderskei

Die teoloog Hoedemaker het voorts daarop gewys dat selfs in die Ou Testament die terreine van kerk en staat duidelik onderskeie was, sodat 'n beskuldiging van Ou Testamentiese teokrasie nie direk artikel 36 raak nie. J. van Lorkhuyzen meen ook dat blywende Skriftuurlike grondgedagtes ten opsigte van die owerheid se houding teenoor afgodery en valse godsdiens deur Calvyn bely word, en dat hulle vandag nog geld. Dit is duidelik dat artikel 36 nie opsy geskuif kan word met 'n blote bewering van "Ou Testamentiese teokrasie" nie.

## Gewetensvryheid

Wat betref die besware wat voorts teen artikel 36 geopper is, dat dit die gevolg van Bizantinisme sou wees en die beginsels van gewetensvryheid en outonomie van die kerk in die gedrang bring, moet op die volgende gewys word: Calvyn het teenoor die Rooms-Katolisisme herhaaldelik as vegter vir gewetensvryheid opgetree. In die verslag van die deputate self vind ons die weerlegging van die standpunt vir sover verklaar word: "Sowel uit die duidelike bewoording van die artikel self, as uit die praktyk van ons Nederlandse kerke, die onderlinge ooreenstemming van die belydenisskrifte van ons ander gereformeerde kerke en die eenparige gevoel van ons gereformeerde teoloë, meen u deputate te kon aflei dat met die woorde: die amp van die owerheid behels om die ryk van die anti-chris te gronde te rig, bedoel is: dat dit die roeping en plig van die owerheid as sodanig is, om sonder om aan die gewete geweld te doen of in die verborge lewe in te dring...vervalsing van die diens van God of medewerking aan die ryk van die anti-chris, teen te staan en te onderdruk".

## Staatsinmenging

Wat die aantasting van die kerklike "outonomie" betref, is die argumente ewe ongegrond omdat Calvyn en die vaders van die hervorming 'n duidelike standpunt teen staatsinmenging ingeneem het. Andersyds het Calvyn die liberalistiese en metodistiese skeiding tussen staat en kerk konsekwent verwerp.

## Ander kerke

Die vierde argument, naamlik dat die gereformeerde kerke elders artikel 36 gewysig het, staan ook nie op stewige fondamente nie. Dit is ook duidelik dat 'n hele aantal kerke in Engeland, Skotland, Suid-Afrika en in die Nederlandse gereformeerde kring nie aan artikel 36 verander het nie. By baie van dié wat wel die wysiginge aangebring het, was daar pogings om die terreine van staat en kerk duideliker te bepaal en nie om

van staat en kerk duideliker te bepaal en nie om die beginsel aan te tas nie, naamlik dat die staatsowerheid die reg het om met die swaardmag growwe vergestalting van kettery teen te gaan.

## Rooms-Katolieke druk

Op die bewering dat die Heilige Gees die verdere insig gebring het dat die kernbeginsel van artikel 36 verouderd is, kan tereg gevra word of die Heilige Gees nie ook die hervormers gelei het nie. Dit is voorts ook duidelik dat die aandrang en die oorwegings daarvan in 1905 sterk trekke van politieke druk van die kant van die Rooms-Katolieke vertoon het. Die relatiewe klein meerderheid waarmee die wysiging aan die belydenis deurgevoer is, laat die vraag ontstaan of dit 'n uitgemaakte saak is dat die Heilige Gees wel tot die insig gelei het dat die betrokke sinsnedes in die artikel geskrap moet word.

## Beroep op ongeloof

'n Kernbeswaar wat teen die deputate se benadering ingebring kan word, is ongetwyfeld die implikasies van hulle standpunt. In die praktyk kan dit lei tot willekeurige ondermyning en aantasting van die christelike godsdiens en van die grondslae van die samelewing. Teen 'n persoon wat openlik die openbare sedes ondermyn en die grondslae van die samelewing aantas, sou nie met die swaardmag deur die christelike owerheid opgetree kon word nie, omdat 'n beroep op sy ongeloof konsekwent moet slaag. Hiermee sou die neutrale staatsopvatting geregverdig kon word wat met sy idee van godsdiensgelykheid en individu-verafgoding die christelike belydenis van die staat met individuele soewereiniteit op 'n grondslag van staatsneutraliteit vervang.

## Maklike uitweg

Dit wil blyk dat Hoedemaker grootliks reg had toe hy Kuyper daarvan beskuldig het dat hy, om uit die moeilikheid van die onsydige praktyk te kom, naamlik die verskeurdheid van die kerke, die maklike uitweg gekies het deur te aanvaar dat die staat niks met geloofsaangeleenthede te make mag hê nie.

Tereg skryf F.N. van Niekerk: "Het Kuyper se afkeer van alle eenvormigheidstrewe en sy ope oog vir die verskeidenheid nie straks tot gevolg gehad dat hy, in die dikwels sondige verskeurdheid van kerke, 'n wettige pluriformiteit gesien het en het hy dan nie die verskeurdheid as openbaring van die rykdom en die diepte van die geestelike waarheid gesien nie? Met ander woorde, was hy nie geneig om alte maklik die bestaansreg van sektes te erken as kerke nie en het hy nie daardeur die probleem van die pluriformiteit van die kerk binne die staat vir hom so bemoeilik nie?"

## Deursigtigheid

"En het Kuyper nie met sy herhaalde eis dat die staatsman passief moet wees ten opsigte van die Besondere Openbaring (omdat hy vir geen kerk kan vra om die Skrif uit te lê nie weens die verskille), hierdeur die perspicuitas (deursigtigheid W.e.D.) van die Heilige Skrif - ook vir die christenstaatsman - uit die oog verloor nie?"

## Die christelike owerheid 'n teokrasie?

In die gereformeerde leer staan die beginsel sentraal dat uit, deur en tot God alle dinge is - ook die staat met sy werksaamhede en sy taak. Ook die staatsowerheid kan hom nie losmaak van die eise en bevele van God se Woord nie omdat die owerheid immers die swaard uit die hand van God ontvang het (Rom.13:1-7).

## Owerheid verantwoordelik gehou

In 'n referaat van J. Oberholzer wat in 1986 deur die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk aanvaar is, word tereg verklaar dat die kerk die teokrasie aanvaar as die waarheid wat hy uit die openbaring van God ken; dat die staatsowerheid sy oorsprong het in die wil van God, dat hy 'n plek het binne die genadige bestel van God en dat hy 'n taak het wat hom dienaar van God maak en dat dit 'n wete is wat aan die kerk gegee is en deur die kerk aan die owerheid voorgehou moet word. Tereg voeg hy by: "die owerheid moet weet dat hy verantwoording moet doen van sy optrede, nie alleen teenoor sy burgers nie, maar teenoor God."

## ".... om sodoende ..."

Die christelik-protestantse uitgangspunt lê voor die hand, soos deur B.J. van Wyk gestel: omdat die staatsowerheid 'n instelling van God is, het die owerheid die opdrag om nie net die kwaaddoeners te straf en deugsames te beskerm nie, maar om ook die Woordbediening te beskerm om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder en orals te laat verkondig.

## Geen patronaatsreg

Dit beteken nie dat die owerheid vir homself 'n rol opeis binne die kerklike strukture nie. Die patronaatsreg van die sewentiende en agtiende eeu binne die reformatoriese kerkreg en die nadelige invloede wat dit ook vir die kerk hier te lande het, dien as voorbeeld van die verkeerde invloed en inmenging van die kerk.

## Neutraliteitsgepeupel

As kinders van die hervorming moet ons onsself deeglik ondersoek en verantwoord voordat ons

saam met die neutraliteitsgepeupel en onder die banier van vryheid, gelykheid en broederskap kreet vir die skrapping van artikel 36 van die geloofsbelydenis. Die neutraliteitsdogma staan immers radikaal teenoor die christelik-protestantse belydenis.

## Dialektiese hermeneutiek

Ook moet ons daarteen waak dat die dialektiese hermeneutiek nie ons christelike gewete met valse ideologieë versoen nie - dit verskil weinig van die *reservatio mentalis*-leuenagtigheid wat ons christelike belydenis tot leuen degradeer.

## Politieke druk

Miskien is die belangrikste dat ons daarop bedag moet wees dat kerklike sake kerklik beoordeel moet word, en nie politieke druk in teologiese gewaad moet klee om onder politieke aandrang ons kerklike belydenis aan te pas en sodoende ons Skrifbelydenis deur politieke mag te laat bepaal nie.

★★★★★

# LAND EN VOLK IN DIE BYBEL (1)

**Prof. W.J. Snyman**
**Uit: Republiek en koninkryk**

## Gee die Woord 'n antwoord?

Op die vraag of ons hiermee na die Bybel moet gaan, en of dit in die Bybel dan nie meer gaan oor die saligheid van die siel nie, moet die antwoord wees: In die Bybel gaan dit oor die saligheid van die siel in verbondenheid met die liggaam van die mens in al sy verhoudinge, verwantskappe en samehange, ook met land en volk.

## Lees weer

Die opvatting dat dit in die Ou Testament gaan oor 'n volk en 'n land, maar in die Nuwe Testament oor die individuele gelowige, is so diep ingewortel dat dit nodig is om die Bybel in die verband weer te lees. Die feit is dat land en volk ook nie net sydelings in die Bybel ter sprake kom nie maar 'n baie sentrale plek inneem. Vanaf Genesis 11 gaan dit oor 'n volk en 'n land en oor volkere en hulle lande tot by Maleagi.

## Een land

Voor Genesis 11 was daar "een volk" met "een taal" (Gen.11:6) en, kan ons sê, een land. Die lyn loop deur. In die laaste hoofstukke van die Bybel lees ons van nasies wat in die lig wandel van die nuwe Jerusalem en hulle eer en heerlikheid daarin bring.

Dit gaan in die Bybel oor 'n besondere volk en sy land en in verband hiermee oor volkere en hulle lande.

Dit sal die beste wees om te let op wat die Bybel leer omtrent die besondere volk en sy land om te sien wat afgelei moet word omtrent die afsonderlike volkere en hulle lande. Die Bybel sien 'n innige verhouding tussen land en volk wat nader aangedui kan word as die ideële, 'n natuurlike en 'n verbondsverhouding.

## Ideële verhouding

Met die ideële word bedoel 'n verbinding in die gedagte. Die verhouding tussen land en volk is so innig dat die een nie sonder die ander gedink kan word nie. Dit kom daarin uit dat, soos nou nog, en ook in ons eie geval, volkere eenvoudig genoem word na hulle lande, (bv.) Egiptenare, Assiriërs, Filistyne. Die Bybel gaan hierin voor in die volkeretafel (Gen.11), waar "die volkere" verdeel is "in hulle lande". 'n Volk word soms genoem "die mense van die land". Só (bv.) Israel (Eseg. 22:29) en ook ander (Lev.23:27). Israel word ook genoem "kind van die land" teenoor die "vreemdeling" onder hulle (Lev.23:26).

## Vervang

Dit kom veral hierin uit dat land as vervangingswoord (metoniem) gebruik word vir volk, soos ons "Suid Afrika" of "Die Republiek" gebruik vir sy volk of hulle verteenwoordigers op enige gebied. In die Bybel kom dit op opvallende wyse voor. Die volk word eenvoudig aangespreek as "land": "O land, land, land hoor die woord van die Here (Jer.22:29). Die land ween (Hos.4:3, Joël 1:3); die land rouklaag (Sag.1:11); die land hoereer (Hos.1:2), doen sonde en begaan troubreuk (Eseg.14:13); die land is nie gereinig nie en kry daarom nie reën nie (Eseg.22:24,31).

## Veelrassig

Hier gaan die woord van volk na land oor sonder herhaling daarvan. Die oorgang kom ook uit in die parallel.: "Word 'n land op een enkele dag gebore? Of word 'n nasie met een slag gebaar?" (Jes.66:8). Die verband tussen land en volk is so nou dat 'n volk moeilik gedink kan word sonder land. Dit is ten minste iets ongerymds. Maar dan ook twee volke in een land. Die nuwe term "veelrassige land" probeer ons gewoond maak aan 'n ongerymdheid.

## Natuurlike verhouding

Die innige verhouding tussen land en volk word ook gesien as 'n natuurlike. Die Here het Israel geplant in die land. Juda is die tuin van sy verlustiging (Jes.5:7). Die inheemse wingerd is die geliefkoosde beeld van die volk. In Jesaja 5 het ons die lied van die wingerd (wat verwilder het). In Esegiël 15 en 17 die gelykenis van die onvrugbare wynstok. In Johannes 15, dié van die vrugbare

wynstok. Dit is Christus.

## Heenwys na Christus

In hierdie verband kan reeds gewys word op die betekenis daarvan dat na Christus heengewys word as die Spruit (Jes.4:2 ens.), en dat dit by Jesaja in die gedeelte voorkom waar ook sprake is van die bevrugting van die maagd (Jes.7:14), en Hy ook genoem word "die vrug van die land" (Jes.4:2). Hy is die Wortel uit die droë grond (Jes. 53:1), die Steggie, geplant op die hoë berg van Israel (Eseg.17:23).

In die gelykenisse van die Here Jesus aangaande die Koninkryk is so veel ontleen aan die land: die saaier, onkruid in die akker, die landbouers, die onvrugbare vyeboom. Die koninkryk van die hemele staan in noue verbinding met die land.

## 'n Land maak 'n volk

Hierdie gedagte van volksplanting druk die natuurlike verhouding uit tussen land en volk. Soos die volk die land kultureel bewerk en 'n volkskultuur opbou, so druk sy land 'n eie stempel op die kultuur van elke volk. Land en volk hang ook ten nouste saam soos daarin tot uitdrukking kom as ons spreek van "landstaal". Net soos gesê kan word: 'n taal maak 'n volk, so kon ook gesê word 'n land maak 'n volk. Dit is natuurlik dat waar daar samelewing in een land is daar ook samegroeiing sal wees, kultureel en andersins.

## Meer volke in een land

In die geval van meer volke in een land val een van die fundamentele faktore weg om 'n eie volk te bly en die volkseie te behou. Daar is nie maatreëls te besin wat dit kan vervang nie. Daarom is dit natuurlik dat elke volk sy eie land sal hê. By die ontstaan van die afsonderlike nasies lees ons dat dit geskied het "na hulle tale, in hulle lande, in hulle nasies" (Gen.11:5, 20,31).

## Nie tevrede met sy eie

Tot dieselfde slotsom lei die ander beeld, die van die huwelik. By sy terugkeer sal Israel nie meer genoem word "verlatene" nie en die land weer "getroude" (Jes.62:4). As 'n volk nie tevrede is met sy eie nie maar beslag lê op 'n ander land, is dit gelyk aan hoerery, soos Agab met die wingerd van Nabot. So seker ook as twee volke een land wil deel (nie verdeel nie).

## Dood van die nasie

Skeiding van land en volk is skeiding van wat bymekaar hoort. Geen groter ellende is denkbaar as 'n volk sonder land nie, of, wat dieselfde is, 'n vreemdeling te wees in eie land. Daaraan ontleen die woord "ellende" sy betekenis. Daarom is ballingskap die groot straf in die Ou Testament. Dit is om ver te wees van die grondgebied (Joël 3:6), en ver weggedryf te wees onder nasies en verstrooi te wees in die lande (Eseg.11:6), en verlossing is verlossing uit ver plekke (vgl. Ef.2:13). Vir 'n volk beteken dit ontworteling, ontvolking (ontstamming). Calvyn sê van verstrooiing: dit is as't ware die dood van die nasie. As dit volksbestaan genoem kan word dan is dit 'n verminkte bestaan soos van 'n siel sonder liggaam. In Jesaja 5 hoor ons die lied van die wingerd; in Esegiël 19:10-13 die klaaglied daarvan.

## Vergroeiings na buite

Daar is ook vergroeiings, verkankering, dit is die verwydering van grense en uitbuiting, die hoog uitgegroeide bome, waarvan takke tot aan die hemel raak (Jes.10:33, Eseg.31:14), soos Assirië, (Jes.10:13), sodat ander bome, seders, sipresse, platane in hulle omgewing verdring word (Eseg.31:8). So ook Egipte (Eseg.31) en selfs Israel (Eseg.19:11). By Babel het ons die beeld van 'n draak wat verslind (Jer.51:34, vgl. Open.12:4, maar hy moet weer teruggee, Jer.51:44). Hy verswelg nasies. Moab is "geen volk meer nie (Jer.48:42) of "geen nasie meer nie" (Jer.48:2), 'n "kaal bos". Dit gaan hier nie soseer om vermenging nie as om "gemengde", dit is deurmekaar wonende volkere (Jer.50:37), 'n "gemengde hoop" (State-vertaling), soos die geval is ook met Egipte (Jer.25:20, Eseg.30:5) en Arabië (Jer.25:24).

## Vergroeiings na binne

Sulke vergroeiings is daar ook na binne, in die volksliggaam, eweneens grensoorskrydings, ten opsigte van die grond van die land, totdat sekeres alleen grondeienaars in die land is (Jes.5:8, Deut.19:4). Daar is ook grensoorskrydings ten opsigte van lewensterreine, sodat die owerhede (herders) die volk verdring (Eseg.34:21; 45:8-9; Hos.5:10; Joh.10:10) en die individu opgeswelg word deur die gemeenskap.

## Teken van Jona

Dan is die nasie ook 'n draak wat verslind, soos die vis vir Jona, en Israel vir Christus op grond van die leerstelling van Kajafas: Beter die enkeling as die nasie (Joh.11:50). Soos die vis moet Babel egter weer teruggee (Jer.51:44,45 en Open.18:4). Dit beteken redding van die individu uit die ingewande van 'n verabsoluteerde nasie en die redding van die nasie uit die kloue van die verabsoluteerde wêreldmag "elke volk weer na sy land" (Jer.51:9). Dit is die teken van Jona. Dit sien op Christus en sy opstanding (Matt.17:40). Die dood moet weer teruggee. Die individu se onsterflikheid lê nie in die nasie of in die mensheid nie, maar die onsterflikheid van die nasie (en mensheid) lê in sy gelowiges wat opstaan in Christus uit die dode.

★★★★★

## KAN ONS DIT BEKOSTIG?

***Ope brief aan die Raad van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, na aanleiding van die herbevestiging van die posisie van dr. Ebrahim Sooliman, 'n aanhanger van die Islam, in die Raad van die Universiteit***
(sien die Raad se persverklaring in die insetsel hieronder).

**Geagte lede van die Raad,**

### Afspraak

In die persverklaring word gestel dat die rektor onder andere met die "dagbestuur van die Gereformeerde Kerke" samesprekings gevoer het. Die stelling vra tog om nadere verduideliking, aangesien die Gereformeerde Kerke nie 'n dagbestuur het nie. Die ongelukkige is dat die indruk gewek kan word dat al die Gereformeerde Kerke u besluit goedkeur.

Die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika het 'n afspraak om deur middel van afgevaardigdes op 'n sinode sake soos hierdie ter tafel te neem. Aangesien geen sodanige sinode tot op hede oor hierdie saak besin het nie, is die indruk wat deur die persverklaring gelaat word, dat die GKSA wel al oor die saak gehandel het, misleidend, en behoort dit reggestel te word.

### Christelik

Daar is waardering dat u besin oor die christelike karakter van die Universiteit. U stel dat u ná deeglike besinning besluit het om dr. Sooliman tog in die raad te laat aanbly. Daarom ontstaan die vraag wat die raad met "christelik" bedoel. Uit u optrede blyk dat u meen dat om 'n Moslem in die raad toe te laat, juis die christelike optrede is.

'n Universiteit wat homself "christelik" noem, verbind homself aan die Here Christus, en om God

---

**Inligting van Mediaskakeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

## Puk-Raad herbevestig Christelike karakter

Die Raad van Potchefstroomse Universiteit het na aanleiding van reaksie op die benoeming van dr Ebrahim Sooliman in die Raad indringend besin oor die Christelike karakter van die Universiteit.

Die bespreking het plaasgevind teen die agtergrond van bevindinge van die dagbestuur van die Raad. Die Rektor, prof Carools Reinecke, het namens die dagbestuur terugvoering gegee oor samesprekings wat gevoer is met die Minister van Onderwys, die onderwysowerheid, dagbestuur van die Gereformeerde Kerke en met verteenwoordigers van die Universiteit se Oorspronklike Oprigters.

Die Raad het na aanleiding van wye reaksie oor dr Sooliman se benoeming sy dankbaarheid uitgespreek vir die landwye reaksie van die Christelike gemeenskap wat aan sowel die Minister as aan die Universiteit gerig was. Die reaksie bevestig hierdie ondersteuners se betrokkenheid by die Universiteit.

Na aanleiding van gesprekke met die Minister, dr Sibusiso Bengu, sê die Raad hulle waardeer die Minister se standpunt dat hy die outonomie van die Universiteit erken en dat Universitêre aangeleenthede deur die Raad self hanteer moet word.

Die Raad het ook met groot waardering kennis geneem van dr Sooliman se standpunt dat hy die Christelike karakter van die Universiteit respekteer. Dr Sooliman, wat die burgemeester van Potchefstroom is, ag dit noodsaaklik dat die bevordering van 'n waardestelsel deel van universiteite se opvoedkundige taak moet wees.

Volgens die Raad is dit teen hierdie agtergrond duidelik dat sy werksaamhede op geen wyse in gedrang kom nie, en is dit opnuut die eenparige besluit van die Raad om die bevordering van die Christelike karakter onverswak te bly handhaaf.

EINDE
21 September 1995

---

se eer in alles te soek. Daar is tog sekerlik eenstemmigheid oor die wese van die christelike belydenis, naamlik dat God Homself in sy Woord as die enigste Here openbaar, en dat daar net een Saligmaker is, naamlik Jesus Christus, die Seun van God?

Die Islam is 'n anti-Christelike afgodsdiens (1 Joh 2:22), omdat hulle Jesus Christus nie as enigste Here erken en Hom as Christus en Verlosser bely nie. U optrede in hierdie saak strook nie met die Skriftuurlike belydenis nie: Hoe kan dit tot eer van God strek om 'n Islam-aanhanger in die raad toe te laat? Hoe kan iemand wat Christus nie as enigste Saligmaker ken nie, weet wat "christelik" beteken? Hoe kan 'n ongelowige waak oor die christelike karakter van die Universiteit? Dit is tog 'n inherente teenstrydigheid.

## Akkommodasie

Daar word ook deur die raad waardering uitgespreek dat dr. Sooliman die christelike karakter van die Universiteit respekteer. Weereens onstaan die vraag: gaan dr. Sooliman, as Moslem, in sy besluitneming in die raad, hom beywer vir die uitsluitlike bevordering en uitbouiing van die christelike geloofsbelydenis in die akademie, of gaan hy hom beywer vir die akkommodasie van ander (on)gelowe op die christelike universiteit?

**Is akkommodasie van ongelowe christelik?**

Dr. Sooliman ag dit ook noodsaaklik dat die vestiging van 'n waardestelsel by studente deel van universiteitsopleiding moet wees. Word hier van 'n neutrale waardestelsel gepraat, of van een wat volgens die Woord van God, die Bybel, ingerig is?

## Pragmaties

Dit is moeilik om te oordeel wat alles 'n rol gespeel het in u besluit. Dit is moontlik dat finansiële oorwegings, veral met betrekking tot staatsubsidies wat die universiteit ontvang, ook in berekening gebring is. Die eerste vraag by besluitneming behoort egter te wees: "Is dit tot God se eer?", en nie "Kan ons dit bekostig?" nie. Begin Skrifbeginsels, waaruit die PUK gebore is, nie al hoe meer plek maak vir pragmatiese oorwegings nie?

## Implikasies

Die implikasies van u standpunt is verreikend:

Die besluit van die raad het reeds, en gaan al hoe meer, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in beroering bring. U besluit is nie in ooreenstemming met die Gereformeerde belydenis nie. U word herinner aan die innige historiese band wat die universiteit met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het. Ons kan dit nie bekostig dat die paaie hier uitmekaar gaan nie.

'n Verdere implikasie is dat die universiteit nie sy christelike karakter onverswak sal kan bly handhaaf nie. Die rede hiervoor is tweeledig: Eerstens dat die deur oopgemaak word vir ongelowiges se inspraak en aanspraak by die raad. Tweedens, dat die idee al hoe meer gevestig word dat sodanige akkommodasie van ongelowe juis christelik is. Hierdie standpunt gaan hom in die toekoms nog wreek, deurdat die "christelike" by die universiteit maar een van baie sienings gaan wees.

## Kruispad

U as raad het by 'n kruispad gekom. Daar kan nie aan die een kant christelikheid nagestreef word, en aan die ander kant tegelykertyd die besluit oor dr. Sooliman gehandhaaf word nie. Die twee sluit mekaar uit. Daar is net twee opsies: Die eerste is dat erken word dat met die besluit van die Skrif en belydenis wegbeweeg is, en dat dus ook oorgegaan word om die "CHO" van die universiteit te verwyder, en sodoende die band met die Gereformeerde Kerke te verbreek. Die tweede opsie, wat by u afgepleit word, is dat met hierdie saak teruggekeer word na die Woord en belydenis, en dat dr. Sooliman versoek word om uit die raad te bedank, omdat hy nie daar hoort nie.

Die geloof wat u bely sal uit u optrede blyk. U verdere handeling oor die saak sal 'n direkte invloed daarop hê of Gereformeerde ouers hulle kinders nog in die toekoms met belydende vrymoedigheid na die universiteit sal kan stuur, wetende dat die doopbelofte daar nog ernstig opgeneem word.

Daar word met groot teleurstelling kennis geneem van u standpunt. U word in liefde, dog dringend, versoek om u besluit te herroep. Dit word van u gevra uit liefde vir die Here, die Waarheid, uit liefde vir die gereformeerde belydenis, uit liefde vir die PUK, uit liefde vir dié van u wat bely dat u Jesus Christus as Verlosser aanbid. Mag die Here u seën om hierop ag te slaan.

**A.L.A. Buys**

★★★★★

## Noodsaak vir Gereformeerde Skole

## DIFFERENSIASIE NODIG

**Uittreksel uit 'n artikel deur Prof. J.H. van Wyk, Eeufeesuitgawe van Die Kerkblad, 1973**

## Kerk in wêreld

God gebruik die kerk om sy koninkryk in hierdie wêreld te laat kom. Hoewel die kerk sy grense het,

is die kerk geroepe om eenmaal deur die grense heen te breek om die grenslose koninkryk van God te word. Om dit te bereik, het God besluit om sy Seun as Middelaar te verordineer. Die Seun is as Middelaar verordineer "met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof, 'n Christus te verenig" (Ef. 1:10). En as die Seun alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het, al sy vyande onder sy voete gestel het, alles aan Hom onderwerp het, sal Hy ook Homself onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees (1Kor. 15:24-28).

## Twee hoofmomente

Hierdie verlossing van die skepping vertoon duidelik twee hoofmomente: die byeenvergadering van die uitverkorenes onder Christus en die byeenbringing van alle dinge onder Christus. Deur die geloof het die kerk deel aan Christus se salwing met die Heilige Gees en daarom het die kerk ook tweërlei roeping: byeenvergadering van die uitverkorenes en byeenvergadering van alle dinge onder Christus as Hoof. Eersgenoemde taak voer die kerk uit deur kerkstigting. Hierdie roeping spreek uit die bevel van Christus: "Gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies..." (Matt. 28:19).

## Sout en lig

Die stelling van Jesus: "Julle is die sout van die aarde..." en "Julle is die lig van die wêreld" (Matt. 5:13,14) is tegelyk sy opdrag. Uit hierdie opdrag is duidelik af te lei dat die kerk 'n belangrike roeping het t.o.v. die samelewing, waaronder die onderwys in skool en universiteit. In die Bergrede is die adres immers die dissipels, die kerk.

## Geen dualisme

Wat in die kerk gepreek word, moet in alle lewenskringe, ook in skool en universiteit, uitgeleef word, anders sou daar 'n dualisme tussen die twee openbaringe van die kerk bestaan, die kerk as liggaam van Christus dus verskeur word, en ook 'n dualisme by die betrokke gelowiges wees. Op twee terreine kan nie verskillende belydenisse gehandhaaf word nie. In klaskamers en lesingsale moet die deur die kerk gepredikte Woord gestalte kry.

Die lidmaat van die kerk is nooit en nêrens van sy belydenis vrygestel nie. In wetenskapsbeoefening, opvoeding en onderwys, in tughandhawing op skool en kultuuruitbouing moet die ware Woord van God (soos verklank in die belydenis) deurklink.

## Wat dit alles inhou

***Bostaande uitgangspunte impliseer nou die volgende:***

- Die kerk het geen direkte, amptelike seggenskap oor die skool en universiteit nie.
- Die kerk leer sy lidmate en oefen tug oor hulle uit m.b.t. hulle deelname aan skool, universiteit e.a. lewenskringe.
- Gelowiges in organisasie moet toesien dat skool, universiteit e.a. lewensverbande waarmee hulle gemoeid is, geskoei is op die lees van die belydenis. Hiertoe moet die kerk deur sy ampsdiens aan die gelowiges as lidmate toesien.
- Die kerk kan geen vrede hê nie met 'n skool, universiteit of watter lewensverband ookal, indien hierdie kringe staan op 'n grondslag wat vreemd is aan die belydenis.
- Die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland het oper besluit in 1946 te Zwolle duidelike riglyne uitgestippel en o.a. besluit dat dit die roeping van die kerk is om toe te sien dat kerklidmate "zich niet voegen in een levensverband, waarin zij gehinderd worden den Heere te dienen naar zijn Woord, en hetwel, hetzij in zijn grondslag, hetzij in zijn doelstelling of arbeidsmethode uitdruklik of metterdaad den geopenbaarde wil Gods verwerpt".
- Die kerk kan hom dus nie by die algemene volkskool neerlê nie en moet steeds 'n gedifferensieerde skoolstelsel en universiteitstelsel predik sodat gelowiges hulle belydenis in skool en universiteit kan uitlewe. Aanvaarding van die algemene volkskool is 'n verwarring van volk en Godsvolk en maak van die kerk as openbaring van die liggaam van Christus volkskerk.
- Die huidige Suid-Afrikaanse skoolstelsel kan nie gehandhaaf word nie. Wet 39 van 1967 bepaal dat die onderwys 'n Christelike karakter moet hê. Om uitvoering aan die wet te gee, moet een van die twee gebeur: óf nie-Christene moet tot die "Christelike karakter" gedwing word, óf die "Christelike karakter" moet sodanig verruim word dat dit vir nie-Christene aanvaarbaar is. Eersgenoemde optrede moet noodwendig as on-Christelik gebrandmerk word en laasgenoemde lei vanselfsprekend tot 'n nie-Christelike onderwyspraktyk waar vir die belydenis geen plek is nie.

## Keuse voor ons

Die keuse is noodwendig: indoktrinasie, neutralisasie, of differensiasie. Eersgenoemde is oneties en die tweede is verraad teenoor die belydenis. Beide hierdie is dus die on-Christelike weg. ***Die enigste weg (volgens die eis van beginsel en praktyk) is differensiasie.*** Hierdie weg is roeping en opdrag van God. Op die onderwystrekpad is die volgende skof die realisering van hierdie roeping in die praktyk. Op universiteitsvlak het reeds die totstandkoming van die PU vir CHO gerealiseer. Die weg vir die skool is duidelik. Die roep van die kerk moet helder uitklink om die weg aan te dui en tot bewandeling daarvan te inspireer; die medewerking van almal wat een is in belydenis moet realiseer, en die antwoord van die Godsvolk ('n antwoord in ooreenstemming met die waarheid, die belydenis), mag nie uitbly nie.

★★★★★

# Grondslae

*van*

# Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

★ *Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

★ *Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

★ *Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ....................................................................

Adres:....................................................................

....................................................................

....................................................................

Poskode:..........................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:....................................................................

Datum:.............................................. Handtekening:..............................................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01343 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS